higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

15 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 1910
2.2 banneling
2.3 Grondwet
2.4 Wetgewing
2.5 Staatsamptenare
2.6 Wetsontwerp
2.7 Provinsiale Koerant
2.8 Burgemeester
2.9 1994
2.10 Drie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 E
3.3 F
3.4 J
3.5 B
3.6 A
3.7 H
3.8 G
3.9 D
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 LET WEL: Enige van die volgende met ‘n maksimum van 5 punte

- Menswaardigheid
- Bereiking van gehalte
- Bevordering van menseregte en vryhede
- Nierassigheid en nieseksisme
- Oppergesag van die Grondwet
- Oppergesag van die reg
- Algemene stemreg vir volwassenes
- Nasionale gemeenskaplike kieserslys
- Die hou van gereelde verkiesings
- ’n Multipartystelsel van demokratiese regering (Enige 5 × 1) (5)

4.2

- Aanspreeklikheid
- Responsiwiteit
- Deelnemende regering
- Inklusiwiteit
- Deursigtigheid (5)

4.3 Toegang tot gesondheidsorg
’n Belangrike tweedegenerasie- maatskaplike reg is die reg op toegang tot basiese gesondheidsorgdienste. Dit beteken dat die staat stappe moet doen om basiese mediese sorg te lewer aan al die mense wat nie mediese sorg kan bekostig nie. Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie. Siek mense moet eers na die plaaslike kliniek gaan, en as hulle nie daar behandel kan word nie, word hulle na ’n staatshospitaal verwys. Hoewel baie Suid-Afrikaners nou mediese sorg ontvang, is daar steeds ’n behoefte aan meer klinieke en hospitale. Om ekstra mediese dienste aan die mense van Suid-Afrika te lewer, het die regering ’n wet aangeneem waarvolgens alle pas gekwalifiseerde dokters hul eerste diensjaar by ’n staatshospitaal moet verrig. Hierdie ekstra diensjaar staan bekend as gemeenskapsdiens. Hierdie diens help ook om die gehalte van mediese steun te verbeter. (8)

4.4 Die wetgewende gesag (parlement) bestaan uit verkose verteenwoordigers van die burgers van die land. Dit bespreek alle sake wat Suid-Afrika en sy mense raak. Dit is deel van die staat, wat die bevoegdheid het om die wette van die land te maak en te verander. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

VRAAG 5

5.1 Demokrasie is ’n politieke regeringstelsel waarin alle burgers van ’n land in staat is om te stem wanneer hulle ’n sekere ouderdom bereik, ten einde die land se staatsdiensamptenare te verkies. (2)

5.2 Menseregte en vryheid almal het bepaalde basiese regte wat niemand, insluitend die staat, kan wegneem nie. Die staat moet dit vir almal moontlik maak om hierdie regte te geniet. (3)

5.3 ’n Regering is daarvoor verantwoordelik om:
- ’n land te bestuur en basiese dienste aan die burgers van die land te lewer
- die veiligheid van elke burger te verseker en
- die land teen aggressie van buite sy grense te beskerm ✓ (3)

5.4 Menswaardigheid
Menswaardigheid is ’n kernelement van die Grondwet, ✓ hoewel die betekenis van die konsep nie volledig ontwikkel is nie ✓ Die feit dat ’n persoon ’n mens is, beteken dat hy nie gedwing kan word om minder as ’n mens te voel nie Byvoorbeeld, dit kan as aanstootlik beskou word om ’n persoon ’n aap te noem, omdat dit ’n mens aan ’n dier gelykstel. (5)

5.5
- Die reg op toegang tot geskikte behuising
- Die reg op toegang tot gesondheidsorg, voedsel en water
- Die reg op maatskaplike sekerheid/bestaansbeveiliging (3)

5.6
- Elkeen het die reg op ’n gesonde omgewing.
- Wetgewing moet bestaan om besoedeling en ekologiese skade te voorkom.
- Bewaring moet bevorder word.
- Ontwikkeling moet ekologies volhoubaar wees. (4)

5.7 Binne sy gebied moet ’n munisipaliteit:
- almal in die munisipaliteit op demokratiese en verantwoordbare wyse bestuur. ✓
- basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie aan alle gemeenskappe verskaf.
- die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van mense in die munisipaliteit bevorder.
- ’n omgewing daarstel wat veilig en gesond is vir mense wat daar woon,
- en toesien dat alle gemeenskappe en ander groepe, soos geloofsgroepe, aan alle plaaslike aangeleenthede deelneem. (10)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 6

Struktuur van die Konstitusionele Hof:
Die hoogste en belangrikste hof in Suid-Afrika is die Konstitusionele Hof. Dit bestaan uit ’n president, adjunkpresident en ander regters. In alle sake wat voor die Konstitusionele Hof dien, moet minstens agt regters by die oorweging van die saak betrokke wees.

Rol van die Konstitusionele Hof:
Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof vir alle grondwetlike aangeleenthede. Slegs die Konstitusionele Hof kan oor grondwetlike sake besluit. Of ’n saak ’n grondwetlike aangeleentheid is, kan slegs deur die Konstitusionele Hof bepaal word.

Funksies van die Konstitusionele Hof:
Die Konstitusionele Hof is ook verantwoordelik vir die beregting van

- sake waar staatsdepartemente oor hul rolle en funksies verskil.
- Of ’n Wetsontwerp met die Grondwet ooreenstem
- Of ’n lid van die uitvoerende gesag (byvoorbeeld die president of ’n minister) hul pligte nagekom het soos vervat in die Grondwet
- Of ’n wetgewende gesag (byvoorbeeld, die parlement) sy pligte nagekom het soos vervat in die Grondwet, en die
- Sake waar die Hoë Hof of die Hoogste Hof van Appèl bevind het dat ’n Parlementswet of provinsiale wet ongrondwetlik is.
- Sulke bevindings of ongrondwetlikheid moet deur die Konstitusionele Hof bekragtig word. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou